STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

8 MAART 2020

# GEMEENTEBULLETIN

LYDENSTYD

**OGGENDDIENS**

Die tafel waar God is.

Matteus 21:12-17

**GESINSDIENS**

Waar is God in alles?

Matteus 21:12-17

**DEUROFFER**

JAM-span.
Die span onder leiding van Gerhard Duvenhage doen voltyds uitreikwerk oor die hele Skiereiland en oor die res van die land. Die Jam-span is op die Apostelbattery-kampterrein gestasioneer.

## EREDIENSTE

| | | | 8 Maart | | 15 Maart | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Ackerman | 4 | Ds. Dietmann | 1 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Breytenbach | 9 | Ds. Potgieter | 6 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Simpson | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Ds. Visagie | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Relevant | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Breytenbach | 12 | Ds. Visagie | 13 |

## LYDENSTYDPROGRAM

- Woon Sondae se lydensdienste by wat tot die Groot Lydensweek lei.
- Die spesiale lydenstydprogram begin op 1 April. Op Woensdagaande 1,8 15, 22 en 29 April kom ons in groepe byeen om 'n Bybelstudiehandleiding te bestudeer. Jy kan by bestaande groepe inskakel, jou eie groep met vriende skep, of by die weeklikse groepbyeenkomste wat in die kleinsaal aangebied word, inskakel. Die handleidings is vanaf 9 Maart @ R20 elk by die kerkkantoor te koop. Navrae: Ds. Potgieter 079 893 8104.
- Nagmaal op Donderdagaand 9 April om 19:00 in die kerk.
- Erediens op Vrydagoggend 10 April om 09:00 in die kerk.
- Paasdiens met nagmaal op Sondag 12 April om 06:15 en 09:00 in die kerk.

**Bybelstudiehandleidings is Sondag 8 Maart na die oggenddienste @ R20 te koop. Jy kan ook by die inligtingstafel jou naam opgee indien jy graag by 'n groep wil inskakel.**

## JEUGDAGBOEK

- ANNIBRAND JUNIOR om 10:00 saam met graadgroepe.
- ANNIBRAND SENIOR om 19:00 saam met graadgroepe.
- BLISS vir jong volwassenes en studente Sondagaande om 19:00 in die komiteekamer.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die markplein. Kom drink 'n glasie wyn, geniet 'n versnapering en gesels saam.
- UITREIKE: Jy kan nou inskryf om deel te neem aan die uitreike tydens die Junie/Julie-skoolvakansie. Ons beoog om na Calitzdorp, Leeu-Gamka, Beaufort-Wes en Mavusa uit te reik. Volledige gegewens en inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## OUERSKAP #102

Daar is geen handleiding, of graadkursus, om jou op ouerskap voor te berei nie. Ds. Jan van Zyl, leraar en betrokke by Stellenbosch Moedergemeente se familiebediening, kom deel op Sondag 15 Maart om 10:00 in die kerk praktiese riglyne oor hoe 'n mens ouerskap positief kan benader. Geen besprekings is nodig nie en toegang is gratis.

## STIL-RETRAITE IN WELLINGTON

Stil-retraite in Wellington vanaf 13 tot 14 Maart. Ons retraite is weer by die Andrew Murray-sentrum op Wellington. Ons ontmoet mekaar Vrydagaand en sluit af met nagmaal Saterdagmiddag. Totale koste vir verblyf en etes beloop R570 per persoon. Besprekings by Karin, 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za.

## HUISGELOOF VIR GESINNE

Gesinne kan weekliks Bybelstudiedagstukkies wat vir huisgodsdiens benut kan word, van die webwerf aflaai. Besoek www.stellenberg.co.za.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Jeuglokaal

Graad 2 en 3: Kleinsaal

Graad 4 - 6: Grootsaal

Graad 7: Bovertrek

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Kom op 6 April om 09:30 in die markplein bymekaar.

### FEESMARKAANSOEKE IS OOP

Jy kan nou aansoek doen om deel te wees van Feesmark 2020. Ons aanvaar slegs aanlyn aansoeke. Besoek www.stellenberg.co.za om jou aanlyn aansoeke te begin.

### PAASFEESKOOR

Die Paasfeeskoor oefen op Dinsdagaande om 18:30 in die kerk. Dankie aan almal wat betrokke geraak het.

## *DATE NIGHT* — VERHOUDINGSKURSUS

Die *Date night v*erhoudingskursus se laaste byeenkoms word op Donderdagaand 12 Maart om 18:30 aangebied. Julle kan steeds die byeenkoms bywoon. Die sessies volg nie op mekaar nie. Kom sit saam met jou maat aan tafel, geniet 'n bord kos en glas wyn en bespreek relevante verhoudingskwessies met mekaar. Kinder-oppassers is in die grootsaal beskikbaar. Die koste vir die aand beloop R100. Bespreek julle plek by Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## LEEF IN VOLKLEUR – VROUEAAND

Vroue word uitgenooi na 'n vroueaand op Donderdag 12 Maart vanaf 19:00 tot 21:00 in die kleinsaal. 'n Ligte ete word bedien en die bekende spreker en skrywer, Lynette Beer, kom gesels oor hoe jy 'n lewe in volkleur kan lei. Sy gaan die vierkleurige tempera-mentmodel wat sy ontwikkel het, verduidelik. Die model bemagtig mense om hulle hoogste potensiaal op persoonlike en professionele vlak te bereik. Daar sal ook 'n paar interessante stalletjies wees wat vanaf 18:00 besoek kan word. Koste: R200 per persoon. Besprekings by Karin: 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za.

## 'N WARM SERP/MUS @ NET R25

Die gemeente se breigroep brei volstoom aan musse en serpe wat tydens die winteruitreike aan minderbevoorregte kinders uitgedeel sal word. Met een bol wol @ R25 elk kan hulle een serp, of twee musse, brei. Borg, of skenk, asb. 'n bol wol vir die mooi projek. Bydraes kan per EFT na ABSA-tjekrekening, 145 058 0011, takkode 632005, oorbetaal word of d.m.v. SnapScan. Ge-bruik SERPE as verwysing.

## GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 5 Maart om 15:00 en 15:45 uit Spreuke 19. Baie wyshede oor baie sake in die lewe . . .

### GEBEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### VERLORE ITEMS

Daar is heelwat waarde-volle verlore items by die kerkkantoor. Indien jy juwele, 'n horlosie, of 'n Bybel vermis, kontak Karin by 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za.

## VATVYF

Ons kom op 18 Maart om 09:30 in die kleinsaal byeen om tee en broodjies te geniet. Teen 10:00 beweeg ons na die kapel waar ons na die interessante wedervaringe van Gert Uys, 'n vryskut-helikoptervlieënier, gaan luister. Toegang is gratis, maar bespreek asb. jou plek by Karin 021 976 4519, voor 16 Maart. Daar is plek vir almal.

## BASAAR

Hartlik dankie aan lidmate wat ons basaar ondersteun het. Dit is ons grootste feesgeleentheid in die eerste kwartaal. Ons is dankbaar vir die bydraes wat ons ontvang het, asook vir lidmate wat hulp aangebied het. Syfers oor die verkope sal op 'n later stadium in die bulletin geplaas word.

## BYBELSKOOL

**Hoe is God vandag by ons? Die aartsvaderverhale.**

Die aartsvaderverhale in Genesis 12 - 50 vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld, te midde van korrupsie, familiekrisisse, ekologiese rampe, asook politieke en ekonomiese onsekerheid, geraak het. Kom reis in die vyfweekkursus saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.
Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Datums: Dinsdag 14, 21, 28 April, asook 5 en 12 Mei. Tyd: 19:00-20:30. Koste: R30.
Inskrywing by Karin Barter 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za

## GEMEENTE-/FINANSIËLE BESTUURDER

Die gemeente beskik oor 'n vakature vir 'n senior bestuurspersoon verantwoordelik vir personeel, asook bate- en finansiële bestuur. Tersiêre finansiële kwalifikasie asook bewese ondervinding is vereistes. Diensaanvaarding: 1 Mei 2020. Stuur volledige CV voor 19 Maart om 12:00 na stellenberg@stellenberg.co.za. Die posbeskrywing kan ook by die e-posadres aangevra word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE